# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 25e Uitgawe 4 Oktober 2013
saam met Koersvas 25



**Gedagtes rondom 70e AKV**

Op grond van die NHKA se beriggewing in die Beeld en op "Facebook" net die volgende gedagtes:

1. Tydens die AKV is sekere temas hanteer aan die begin van die "vergadering" wat 'n volle twee dae in beslag geneem het. Wat het geword van ouderlingevergaderings en ringsvergaderings se hantering van temas rakende die Kerk? Waarom 'n werkswyse volg wat sterk herinner aan die Colloqium van die 67e KommAKV? Sou dit nie eerliker en Kerkordelik korrek gewees het om dieselfde sake by wyse van studiestukke te versprei sodat ouderlingevergaderings en ringsvergadering dit kon bespreek en beskrywingspunte deurstuur na die 70e AKV toe nie? Waarom stuur die Kommissie suutjies vir internet geletterdes die Vrydag voor die AKV 'n "histo(e)riese oorsig oor die gebeure rakende onafhanklike gemeentes"? Dit sonder enige bewyse soos verwysings na notules, regsadviese en studiestukke. Sonder dat die onafhanklike gemeentes 'n enkele perspektief kan stel of 'n woord ter inligting kan spreek. Hoeveel afgevaardigdes het die verslag enigsins onder oë gehad? Verder is daar ingrypende besluite, wat lidmate raak, geneem; Geestelik sowel as finansieel. Na my wete is sake soos byvoorbeeld die hofsake, Staat van Belydenis, Apartheid en die WCRC nie aan die lidmate gekommunikeer nie. Wat sou die rede wees? As 'n mens kyk na die reaksie van gemeentes en ringe tydens die 68e AKV is dit dalk verstaanbaar. Moes die kerkvolk dan nie kennis dra van wat gebeur nie? Dit is ook geen geheim hoe afgevaardigdes verkies is nie.
2. 'n "Hand van versoening" is uitgereik na onafhanklike gemeentes, of soos geskryf word 'n "olyftakkie". Wie dink hulle bluf die vergadering? Waarom het gemeentes onafhanklik gegaan? Nie een van die besware of bekommernisse wat die onafhanklike gemeentes genoem het, is uit die weg geruim nie, inteendeel. Die vergadering het afgevaardigdes verneder deur hulle te versoek om die vergadering te verlaat (Liefde, versoening, goeie maniere?). Die vergadering het besluit daar daar geen ruimte is vir modaliteite nie (versoenend?) Wat het geword van 'n paar jaar gelede se "versoenende verskeidenheid"? Die vergadering het **eise gestel** aan onafhanklike gemeentes. Is dit **versoenende** optrede, hoe rym dit met die Bybel? Wat het geword van die evangeliese hart? Die vergadering het ook besluit om met hofsake voor te gaan (versoenend, **olyftakkie**?) Lyk eerder na 'n "**doringtak**". Ten opsigte van eiendom behoort predikante en lidmate hulleself die vraag af te vra: Vir wie hou ons die eiendomme in stand? Wie anders as God en die gemeente as rentmeesters het aanspraak op die eiendom? Deur die jare is talle kerklike eiendomme vervreem deur dit aan 'n verskeindenheid van persone en groepe (predikante en selfs ook ander geloofsgroeperings) te skenk of verkoop, sonder enige ingrype deur die KommAKV of AKV. Wat van die plaas Molskop by Koppies in die Vrystaat wat wederregterlik verkoop is

sonder instemming van die gemeentes in die Vrystaat? Die eiendom is verkoop terwyl die plaas aan die gemeentes in die Vrystaat bemaak is. Wat van sinodale eiendomme wat verkoop is sonder die medewete van lidmate wat die sinodale kantoor befonds? Wat van gemeentes soos Witpoortjie en Rustenburg waar eiendomme aan predikante geskenk is? Die Kommissie moet besef dat dit maklik is om te skree hof, hof, maar dit is 'n totaal ander saak om in die getuiebank te gaan staan en jou optredes te verduidelik in 'n hof. Wie gaan instaan vir die regskostes, regskostes wat selfs tien en twintig miljoen rand kan kos? Afgevaardigdes het die amp verteenwoordig by die 70e AKV, nie gemeentes nie. Die vraag is: Kan gemeentes aanspreeklik gehou word vir regskostes? Gaan gemeentes bereid wees om vir 'n saak te betaal waaroor hulle geen regsopinie onder oë gehad het nie, of eiendom waarby hulle geen belang gehad het, of sal hê nie? Jammer om dit te sê, maar daar is geen hand van versoening vanuit die NHKA nie. Dink die Kommissie werklik dat gemeentes gaan terugkeer en deel wil word van die NHKA, na die onverbiddellike besluite en optredes deur die Kommissie en AKV? Daar is lidmate wat kan lees en ook tot hulle eie gevolgtrekkings kan kom.

3. Die hele saak oor apartheid is interessant. Oor en oor moet die onafhanklike gemeentes verneem dat hulle motiewe polities van aard is. Die 70e AKV het herbevestig met 80% dat hulle glo Apartheid teen die evangelie is. Dieselfde 70e AKV neem 'n besluit om 'n eenvoudige uitleg (interpretasie) van die belydenisskrifte te laat opstel om duidelikheid te gee oor watter vertolkings (interpretasie) van die belydenisskrifte aanvaarbaar is. Dit handel oor kwessies soos die maagdelike geboorte en opstanding van Jesus. Dit is ironies: **Die AKV weet met 'n 80% sekerheid dat Apartheid ongedefinieerd teen die evangelie is. Dieselfde vergadering weet nie wat die korrekte vertolking van die basiese pilare van ons geloof is nie.** Dit lyk vir my dat die leer oor Apartheid groter sekerheid geniet as die leer oor Christus (Christologie). Die enigste gevolgtrekking waartoe 'n mens kan kom, is dat daar geen (geloofs)leer is nie. Wat tog ook dwaalleer is. Wie is besig met politiek? Noudat die NHKA met sekerheid beslis het dat Apartheid boos en sleg is, wat gaan die Kerk doen om hierdie besluit te implementeer? Daar het drie jaar verloop sedert die NHKA se besluit oor Apartheid. Wat het die NHKA intussen gedoen om te transformeer? Is daar al stappe ten opsigte van restitusie geneem? As 'n geloofsgemeenskap vind dat 'n saak teen die evangelie is, en daarmee volhard, moet die gemeenskap nie protesteer indien hulle van huigelary beskuldig word nie. Deur besluite te neem en dit nie op te volg met aksies nie, is die NHKA met niks anders besig as huigelary nie. Die interpretasie van Apartheid is nie hier in die fokus of van belang nie, dit gaan nie oor politiek nie. Dit gaan of 'n geloofsgemeenskap eerlik omgaan met besluite, wat soos beweer, uit die Skrif geneem is. As die Heilige Gees jou lei om 'n regeringsbeleid tot sonde te verklaar, dan sal dieselfde Gees jou lei om ooglopend te verander, te transformeer. Sou dit nie gebeur nie, is dit niks anders as lastering teen die Heilige Gees nie. Sou predikante van kansels af verkondig dat niks in hulle gemeentes gaan verander nie, is hulle huigelaars en verdien hulle beslis geen respek nie. Kan hulle bewyse

lewer van hul teenstemme of ‘n beswaarskrif? Lidmate moet hulleself die vraag afvra: Kan ons ons predikant se integriteit aanvaar? Wie het nou nie die omstrede besluit aanvaar nie? Die onafhanklike gemeentes of die NHKA? Wat is die verskil? Die Geloofsbond was van die begin af eerlik met die ongemak, die oplossing was om die lidmate in die saak te ken. Die NHKA het nog steeds nie sy lidmate eienaarskap laat aanvaar vir die omstrede besluit nie. Die Woord leer ons dat sulke optrede huigelary is.

4. Waarom wou die 70 ste AKV nie ‘n besluit neem rakende homoseksualiteit nie? Die punt is gemaak dat die vergadering moet dink aan die eenheid van die NHKA. Waarmee is die Kerk besig? Waarin lê die eenheid van die kerk vir die mense? Is dit werklik die sterkste argument teen die saak? Moet die debat en die oortuigende beweegredes nie rondom die Bybel sentreer nie? Hoe sterk is jou oortuiging; indien jou sterkste motivering teen die aanvaarding van homoseksualiteit “eenheid” eerder as gehoorsaamheid aan die Woord is?
5. Sou die NHKA moet kyk na ‘n **eenvoudige** vertolking van sy belydenis kom die volgende vrae op: Wat sê dit van die NHKA se opleiding? Wat sê dit van die NHKA se lidmate? Wat preek predikante Sondae en by ‘n begrafnis tot en met die daarstel van die dokument? Wie gaan besluit wie se vertolking korrek is? Is dit dalk die rede waarom die geloofsbelydenis nie meer in sommige eredienste gelees word nie?
6. Verder moet lidmate hulself die vraag afvra waarom sekere professore konstant openlik verdedig word? Waarom speel sekere professore ‘n geweldige belangrike rol, dit terwyl hulle lankal medies ongeskik verklaar is? Waarom word inligting van lidmate weerhou? Is dokumente waarna verwys word ooit aan lidmate beskikbaar gestel vir evaluering? Waarom word die publikasies van dosente (soos ook die boek van prof van Aarde) as blote akademiese navorsing beskou en nie aan lidmate gestuur nie? Waarom word studiestukke en ook die Staat van Belydenis nie aan ouderlingevergaderings gestuur nie?

Lidmate moet hulleself maar afvra of hulle deel wil bly van ‘n groep wat jou in geen sake meer ken nie, jou tot sondaar verklaar, onseker is oor die belydenis, jou betrek by regsgedinge waarby jy geen belang het nie **en dan verwag dat jy net die heffings betaal.**

Daar is ‘n ou Engelse spreekwoord: You can fool all the people sometimes, some of the people all the time, but you can’t fool all the people all the time.